WENKE VIR OUERS

Hoe om jou kind se lees-, skryf- en wiskundevaardighede tuis te verbeter

Ouers speel 'n sleutelrol in die uitbou van hulle kinders se lees-, skryf en wiskundevaardighede. Dit is nie genoeg om net jou kind na die skool te stuur nie – daar is baie wat die familie tuis kan doen om hierdie vaardighede uit te bou.

Die volgende wenke kan help om te wys wat jy vir kinders in graad R tot 6 kan doen.

- **Gesels** met jou kind oor die skool – oor vriende, aktiwiteite, onderwysers en take.
- **Stel doelwitte** – maak seker hulle is haalbaar, en fokus daarop om hulle een vir een te bereik.
- **Prys** jou kind vir spesifieke prestasies – fokus op jou kind se sterk punte en erken vordering.
- **Bemoedig** jou kind wanneer hy/sy gedruip het in 'n toets – dit is 'n toets, jou kind is nie 'n mislukking nie. Met koestering en die regte ondersteuning sal hulle vorder.

Huiswerk – wat kan ouers doen?

- **Bly ingelig** – gesels met jou kind se onderwyser. Wees vertroud met die doel van huiswerk en met die klasreëls.
- **Toon entoesiasme** aangaande skool- en huiswerk.
- **Help jou kind met tydbestuur** – plaas tyd eenkant elke dag vir huiswerk. Moenie huiswerk uitstel tot voor slaaptyd nie. Werk op groot projekte oor naweke, veral indien dit nodig is om saam met klasmaats te werk. Breek take op in kleiner, makliker hanteerbare gedeeltes. Vermy 'n gejaag in die oggend voor skool – berei die klere en ander items die vorige nag voor.
- **Rig 'n stil studeerarea in** – volledig met papier, merkpenne, liniaal, potlode en 'n woordeboek.
- **Moet nooit jou kind se huiswerk vir hom/haar doen nie!** Kontroleer met jou kind se onderwyser hoe huiswerk nagesien word.

Hoe om jou kind met lees en skryf by te staan

- Laat jou kind elke dag vir jou lees.
- Laat jou kind sien hoe jy lees vir jou werk, vir plesier en om te studeer.
- Laat jou kind lees vir genot in enige taal van sy of haar keuse.
- Gesels met jou kinders oor wat hulle lees – wie die hoofkarakters is, wat met hulle gebeur het, hoekom, was dit goed of sleg? (Dit verskaf 'n goeie geleentheid om oor waardes te gesels).
- Kook saam – lees resepte en etikette saam, stel 'n familiekookboek saam.
- Ontdek boeke saam-saam – vra vrae, beklemtoon nuwe woorde en idees, prente, bespreek karakters en hulle motiewe, en vind ooreenkomste in jou familielewe.
- Lees rympies aan jonger kinders voor (voorskool tot graad 2), en sinne van tydskrifte en advertensies. Laat jou kind met rymwoorde speel.
- Moedig ouer kinders aan (graad 4 tot 6) om die storie te lees, dit oor te vertel in hulle eie woorde en dan 'n paar sinne oor die storie te skryf.
- Vertel stories as almal saam is, praat saam oor julle eie familie se geskiedenis, en bespreek herinneringe van julle reise saam.
- Skryf saam met jou kind – verskaf genoeg skryfmateriaal en papier, moedig jou kind aan om op sy/haar eie te teken en te skryf, om dankiesêkaartjies aan hulle oupas en oumas te skryf, doenlysies op te stel, waarskuwingstekens te teken, soos Pasop!, ens.
- Besoek die biblioteek dikwels – moedig jou kinders aan om hulle eie biblioteekkaartjies te kry, aan te sluit by familieboekklubs, gewilde skrywers te kies en soek saam met jou kind na interessante boeke.
- Vra jou kind om jou te wys wat hy/sy elke dag gedoen het om lees-. skryf- en wiskundevaardighede te oefen.

Hoe om jou kind in die Grondslagfase met gesyferdheid by te staan

Die Grondslagfase dek graad R in preprimêre skool en graad 1 tot 3 in die primêre skool.

Huiswerk

- Maak seker dat jou kinders elke dag huiswerk in gesyferdheid (wiskunde) kry. Bemoedig hulle om dit te doen, want hulle kan alleen vorder as hulle gereeld oefen. Praat met die skool indien dit nie gebeur nie.

Sorteer en tel

- Laat jou jong kind items in die huis **sorteer** en vertel hoe hy/sy dit gegroepeer het, byvoorbeeld, klere volgens kleur of soort klere. Vra hoekom hy of sy items gegroepeer het.
- Tel tot by 100 voorwerpe; laat jou kind toe om voorwerpe te groepeer in 2's, 3's. 4's 5'e, 10'e, ens. Verdeel 2- en 3-syfergetalle op verskillende maniere.
- Moedig jou kind aan om te **raai**, bv. lank, lang, hoog hoeveel macaroni-noedels jy vir jou macaronikaasdis wil kook en tel die macaroni om te kontroleer.
- Moedig jou kind aan om jou by te staan terwyl jy kook of bak en vra, bv. vir 'n halwe koppie meel, ens.
- Doen halvering (begin met die deel van lekkers **tussen 2** en **tussen 3** of meer kinders) en verdubbeling. Laat jou kind die toebroodjie in 2, 3 of 4 gelyke dele sny.

Meting en geld

- Moedig jou kind aan om sy of haar hand of voet te gebruik om afstand te meet.
- Moedig jou jong kind aan om sy/haar hand of voet te gebruik om afstand, ens. te meet. Gebruik later 'n liniaal of maatband om lengtes van voorwerpe te meet, die sye van voorwerpe, omtrek van bal of aartappel, ens.
- laat jou kind toe om items in die huis te sorteer, byvoorbeeld, swaar items op die onderste rak en ligter items op die boonste rak van die kruidenierskas.
- Laat jou kind betaal vir 'n item by die winkel wanneer jy kruideniersware of klerasie koop. laat hom die kleingeld nagaan. Speel winkel by die huis met items waarvoor jy pryse gegee het. Laat jou kind die prys van die items rangskik van die duurste tot die goedkoopste.

Tyd

- Vra vir jou kind om vir jou te sê hoe laat dit is gedurende die dag. Begin eers net met 'op die uur' en dan 'halfure', dan kwartiere' en laastens minute, byvoorbeeld: Dit is ses-en-twintig oor vyf.
- Maak jou kind bewus van die lengte van tyd deur te vra: Wat neem die langste, om skool toe te loop of skool toe te ry of om aandete te eet?

Berekeninge terwyl julle reis

- Maak goeie gebruik van die tyd terwyl julle reis; kyk na motors se nommerplate. Laat jou kind die eerste 2 of 3 getalle optel; hy of sy kan die kleinste getal van die grootste getal aftrek.

Vorms

- Maak jou kind bewus van vorms in en buite die huis, byvoorbeeld vierkante, sirkels, reghoeke, driehoeke.
- Bemoedig jou kind om patrone in die natuur te kry, bv. blare, blomme, in sand, ens.

Speletjies om te speel

- Moedig jou kind aan om domino's, slangetjies en leertjies, ludo, kaartspeletjies soos kwartetspel en Kop of Stert, touspring, eenbeentjie en tradisionele speletjies waarby getel moet word te speel.

VERMY die volgende (dit het op alle kinders betrekking):

- Moenie druk op jou kind uitoefen nie. Indien hy/sy met 'n 'som' sukkel, bespreek die probleem eerder met sy/haar onderwyser.
- Moenie jou eie negatiewe gevoelens oor wiskinde oordra nie, bv. 'Ek kon nooit hierdie goed op skool regkry nie, so jy sal seker ook maar sukkel.'
- Moenie oor foute stres nie; ons leer deur risiko's te neem en somtyds kry ons verkeerde antwoorde.
- Moenie jou kind se leerwerk aanjaag en te gou met 'n antwoord vorendag kom nie.

MOETS:

- Moedig jou kind aan om 'n wiskundeprobleem aan te durf.
- Prys wat hy/sy regkry, al is dit ook nietig.
- Onthou dat dit net so belangrik is om vrae te vra as antwoorde te vind.
- Werk vir kort sessies. Hou op as jou kind moeg word.

Hoe om jou in die Intermediêre Fase met wiskunde by te staan

Die Intermediêre Fase dek Graad 4 tot 6.

Huiswerk

- Maak seker dat jou kind elke dag huiswerk in gesyferdheid (wiskunde) kry.
- Ondersteun jou kind met die leer van tafels uit die hoof, byvoorbeeld, sê die sewemaaltafel saam vorentoe en dan agteruit. Vra jou kind vrae op verskillende maniere, soos: nege sewes? Hoeveel sewes in 49? Sewe maal vier? Twee-en-veertig verdeel deur sewe? Drie vermenigvuldig met sewe? Sewe keer wat is gelyk aan sewentig? Kinders moet die taal van wiskunde aanleer.
- Ondersteun jou kind met die leer van kombinasies ("bonds") 'uit die hoof' – ten minste op tot by twintig, bv. 8+ 7 =15, 7+ 8 =15, 15 – 8 = 7, 15 – 7 = 8

Meting en geld

- Moedig jou kind aan om resepte te gebruik om jou te help om vir die gesin te kook of te bak. Laat hulle die hoeveelhede afmeet en meer maak of minder maak vir meer of minder mense.
- Daag jou kind uit om te raai hoe lank 'n item is; laat hy/sy 'n liniaal/maatband gebruik om hulle skattings na te gaan en gebruik die eenhede van m, cm en mm met desimale plekke indien moontlik.
- Neem jou kind saam as jy gaan inkopies doen. Laat hulle die goedkoopste handelsmerk soek. Gebruik supermarkadvertensies indien nodig. laat jou kind raai wat die kleingeld gaan wees en gaan dan die kleingeld na wanneer jy betaal het. Laat hulle die prys in sent afrond tot die naaste rand, bv. R1,60 afgerond is R2,00.
- Ouer kinders kan die hoeveelheid geld wat bespaar word uitwerk wanneer 'n artikel op 'n uitverkoping gekoop word, bv. wat dit beteken as jy 25% afslag kry.

Tyd

- Vra jou kind hoe laat dit is gedurende die dag – analoë (horlosie met wysers) sowel as digitale tydaanduiding Laat hulle uitwerk hoe lank dit vir hulle geneem het om hulle aandete te nuttig of 'n taak uit te voer.
- Vra jou kind om neer te skryf hoe lank hy TV kyk elke dag van die week. Vra hom/haar dan om die volgende te doen:
  - Werk uit die totale kyktyd vir die week.
  - Werk uit die totale kyktyd vir die dag.

Berekeninge terwyl julle ry.

- Gebruik motorregistrasieplate en tel al die syfers op, vermenigvuldig hulle of maak die kleinste en grootste heelgetalle, bv. 2357789 en 9877532.

Vorms

- Vra jou kind om patrone en vorms binne en buite die huis te identifiseer of in die natuur, bv. "Kan jy iets sien wat die vorm van 'n reghoek het? Hoeveel sye en hoeke het elke vorm?

Speletjies om te speel

- Moedig jou kind aan om dambord, skaak, Sjinese dambord, 'Mraba raba' en ander speletjies wat met tellers gespeel word.

WES-KAAP Onderwysdepartement
Wes-Kaapse Provinsiale Regering